AGRIBEL
BEHEREND BEPERK

(Registrasienommer: 1996/017629/06)
("die maatskappy")

VERKLARING VAN TUSSENTYDSE DIVIDEND

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die raad van direkteure van die maatskappy 'n tussentydse dividend (nr. 43) van 25 sent per aandeel op 3 Desember 2021 verklaar het vir die periode geëindig 31 Oktober 2021.

Belangrike datums vir aandeelhouers van gewone aandele:

Aksie	***Datum***
Laaste dag vir verhandeling:	Vrydag, 7 Januarie 2022
Laaste dag vir indien van skripdividend keusevorm:	Vrydag, 7 Januarie 2022
Rekorddatum:	Maandag, 10 Januarie 2022
Betaaldatum van dividend:	Vrydag, 14 Januarie 2022

Dividendbelasting sal teruggehou word teen 20% van die bruto dividend van 25 sent per aandeel, tensy 'n aandeelhouer kwalifiseer vir vrystelling. Nadat die dividendbelasting teruggehou is, sal die netto dividend 20 sent per aandeel beloop.

SKRIPDIVIDEND AANBOD

KENNIS WORD HIERMEE VERDER GEGEE dat die direksie besluit het om aandeelhouers die geleentheid te bied om gewone aandele in die maatskappy te ontvang in plaas van die kontantdividend teen 'n uitgifte prys van R6 per gewone aandeel ("skripdividend").

Aandeelhouers is nie verplig om deel te neem aan die skripdividend of om op die aanbod te reageer nie. Indien 'n aandeelhouer nie op die skripdividend-aanbod reageer nie, sal die kontantdividende in die normale gang ontvang word.

Indien 'n aandeelhouers wel besluit om aan die skripdividend aanbod deel te neem kan gekies word om óf die geheel (100%) van die kontantdividend óf die helfte (50%) van die kontantdividend as aandele in die maatskappy ("aandele") te ontvang. Die reg om aan die skripdividend deel te neem, is egter beperk tot een van hierdie twee keuses en 'n aandeelhouer mag nie, behalwe vir die keuse om óf 100% óf 50% van die kontantdividend as aandele te ontvang, kies om andersins 'n skripdividend te ontvang nie.

Die aantal aandele waarop 'n aandeelhouer geregtig sal wees, sal bepaal word met betrekking tot die verhouding wat 1c (een sent) kontantdividende dra tot die skripdividendprys van R6 (ses rand) per aandeel wat deur die raad goedgekeur is.

'n Omsendskrywe met die volle besonderhede van die skripdividend aanbod sal op 14 Desember 2021 versprei word. Die laaste dag vir die indien van die skripdividend keusevorm sal 7 Januarie 2022 wees.

INTERIM RESULTATE

Die maatskappy het 'n 74,37% aandeelhouding in Senwes Beperk. Die ongeouditeerde tussentydse verkorte Senwes state vir die periode geëindig 31 Oktober 2021 is op die internet by www.senwes.co.za beskikbaar. Alternatiewelik kan die maatskappysekretaris van Senwes by 018 464 7104 gekontak word vir 'n afskrif.

In opdrag van die direksie.

AE Scholtz
Maatskappysekretaris
Klerksdorp
3 Desember 2021
Tel nr: 012 667 6454

http://senwes.co/abresultate21.